

## **6.3 TAAKSPAN VIR BYBELVERTALING, -VERKLARING EN – VERSPREIDING**

### **1. BYBELVERTALING**

#### **1.1 OPDRAG**

Adviseer die Algemene Sinode in verband met die aanwysing van Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word (KO Art 43).

#### **1.2 UITVOERING**

##### **1.2.1 DIE BYBEL: 'n DIREKTE VERTALING (BDV)**

Die lede van die Algemene Taakspan Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding (ATBV) verteenwoordig die NG Kerk by die *Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans)* (KABA) van die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* (BSA) wat jaarliks vergader en die Bybelgenootskap adviseer insake alle aspekte van Bybelvertaling in Afrikaans. Soos reeds in 2007 aan die Sinode meegedeel, het die BSA op versoek van die *Kerklike Advieskomitee* besluit dat aan die versoek van die kerke vir 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel voldoen word. Om die uitgangspunt vir die vertaling te motiveer en die proses ordelik te laat verloop, is 'n vertaalopdrag geformuleer wat lui: "Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik."

##### **1.2.2 VORDERING MET DIE DIREKTE VERTALING**

Die projekspan wat die nuwe Direkte Vertaling onder leiding van Prof Bernard Combrink hanteer het, het die vertaalproses voltooi en die vertaling aan die Bybelgenootskap oorhandig. Die Direkte Vertaling sal in November 2020 in Bloemfontein bekendgestel word en voortaan bekend staan as die 2020-vertaling. Prof Combrink sal mondelings by die Algemene Sinode oor hierdie vertaling verslag lewer.

##### **1.2.3 EVALUERING VAN DIE DIREKTE VERTALING**

Die ATBV was deurgaans in gesprek met die Bybelgenootskap, die redaksiekomitee, sowel as die vertalers oor die benadering en uitgangspunte wat gevolg is ten opsigte van die Direkte Vertaling. Die ATBV is oortuig dat die proses wat deur Bybelgenootskap gevolg is, volgens die voorgestelde proses en vertaalopdrag plaasgevind het en 'n uitnemende produk gelewer het.

By die vorige Algemene Sinode is ook 'n subtaakspan aangewys om die Direkte Vertaling te evalueer. Dié subtaakspan is saamgestel uit NGK-teoloë wat nie self op enige manier by die Direkte Vertaling betrokke was nie, en het bestaan uit Dr. ACV van Wyk (sameroeper), Proff. LJM Claassens, MJ Nel, Dre. AP Cilliers, GPV du Plooy en C de K du Randt. Dié subtaakspan het apart vergader en daarna die gedeeltes van die Direkte Vertaling wat reeds beskikbaar is, geëvalueer. Hulle het daarna as volg aan die ATBV verslag gedoen:

- Vertaling is uiteraard mensewerk, maar ons staan in ontsag vir die ywer, deeglikheid en volharding van die deelnemers.
- Ons spreek ons waardering teenoor almal uit, in die eerste plek teenoor die Bybelgenootskap wat so positief op ons versoek om 'n nuwe vertaling gereageer het. Dieselfde geld die 25 kerke wat saamgewerk het, en dan veral Prof. Bernard Combrink vir sy inspirerende visie en onbaatsugtige ywer.
- Ons wil voorstel dat die Direkte Vertaling wyd gebruik word en dat sinodes dit sterk aanbeveel en onder hulle gemeentes bemark.

### **1.3. AANBEVELINGS: BYBELVERTALING**

#### **1.3.1 Vordering met die nuwe vertaalprojek (Direkte Vertaling)**

**Die Algemene Sinode neem met dank kennis dat die Direkte Vertaling (wat as die 2020-vertaling bekend sal staan), teen Junie 2019 voltooi is en in November 2020 amptelik bekendgestel sal word.**

#### **1.3.2 Gebruik van die 2020-vertaling (Direkte Vertaling)**

1.3.2.1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis dat die vertaling van die 2020-vertaling (Direkte Vertaling) volgens die voorgestelde proses en vertaalopdrag plaasgevind het;

1.3.2.2 Die Algemene Sinode spreek opregte dank uit teenoor alle betrokkenes: die Bybelgenootskap wat positief reageer het op die versoek om 'n nuwe vertaling, die ongeveer 25 kerke wat aan die projek saamgewerk het en Prof. Bernard Combrink vir sy inspirerende visie en onbaatsugtige ywer in die voltooiing van hierdie projek, saam met die redaksiekomitee en al die vertalers;

1.3.2.3 In die lig van die noukeurige vertaalproses wat gevolg is, keur die Algemene Sinode die 2020-vertaling (Direkte Vertaling) amptelik goed, vir gebruik saam met die ander twee amptelike vertalings, die 1953-vertaling en die 1983-vertaling;

1.3.2.4 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op sinodes, ringe en gemeentes om die 2020-vertaling (Direkte Vertaling) met entoesiasme in eredienste, kategeese en Bybelstudie te gebruik, en om in 2020 verbeeldingryke projekte te loods om die 2020-vertaling in gebruik te neem, onder andere ook omdat dit saamval met die 200-jarige viering van die bestaan van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika.

1.3.2.5 Die Algemene Sinode besluit om 2020 as die "Jaar van die Bybel" te vier.

## 2. BYBELVERKLARING

### 2.1 OPDRAG

Neem inisiatief en adviseer die Algemene Sinode in verband met die publikasie van Bybelverklarings na aanleiding van die behoefte van lidmate (KO Art 43).

### 2.2 UITVOERING

Die vorige Algemene Sinode het as volg besluit:

- Dat die Algemene Sinode die ATBV versoek om in oorleg met Bybel-Media weer te besin oor die bemerking en voortsetting van die Insig in die Bybel-reeks in die lig van die verkope en die behoefte van lidmate.
- Dat die ATBV versoek word om te besin oor nuwe wyses waarop die lidmate by die lees en verstaan van die Bybel betrokke gemaak kan word, en dat oorweeg word om Reglement 5 dienooreenkomstig te wysig.

Gedurende die verslagtydperk is kommentare op Jesaja en Obadja gefinaliseer en elektronies deur Bybel-media gepubliseer. Vanweë die feit dat verkope baie swak was, het die ATBV besluit om nie enige verdere uitgawes te publiseer nie, maar eerder ondersoek in te stel na ander alternatiewe. Dit blyk dat die beste opsie voortaan sal wees om vers vir vers kommentaar elektronies aan bestaande Afrikaanse vertalings te koppel, en om dit in samewerking met die BSA te doen wat besig is met die ontwikkeling van 'n program in hierdie verband wat *Online Scripture Platform* genoem word. Die elektroniese kommentaar kan aan die nuwe 2020-vertaling (Direkte Vertaling) gekoppel word.

### 2.3 AANBEVELING: BYBELVERKLARING

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATBV om verdere ondersoek in te stel na die elektroniese verryking van die 2020-vertaling (Direkte Vertaling) in samewerking met die BSA en aan die volgende Sinode voorstelle voor te lê oor die beste manier waarop Bybelwetenskaplikes van die NGK en die VGKSA hierby betrokke kan raak.

## 3. BYBELVERSPREIDING - BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (BSA)

Verslag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika:

### 3.1 VENNOOTSAP

Die Bybelgenootskap van SA beskou die **vennootskap met verskillende kerke en genootskappe** as noodsaaklik. Vertalings word op versoek van kerke onderneem, en die verspreiding geskied met die kerke as medewerkers. Sedert die vorige Algemene Sinode is verskeie projekte van stapel gestuur, in baie gevalle in samewerking met gemeentes, wat bygedra het om die Woord in mense se hande te plaas – soms vir die heel eerste keer!

**Hoogtepunte** die afgelope vier jaar was:

- die voltooiing van die nuwe Afrikaanse vertaling in 2019
- die voltooiing van die Engelse Bybel vir Dowes in 2019.

- die voltooiing van die nuwe isiZulu vertaling in 2019.
- die aanvang van die !Xun vertaling in 2018.
- verspreiding van meer as 4 268 707 Bybels.
- verspreiding van meer as 1 426 635 gratis Selfoonbybels.
- ontwikkeling van 'n Bybelgebaseerde geletterdheidsprogram, nou in al elf tale beskikbaar.
- implementering van die digitale projekte soos die digitale applikasie (app.) "BibleSa".

### 3.2 VERTALING VAN DIE BYBEL

Die volgende vertalingsprojekte het aandag geniet:

- **Die Bybel: 'n Direkte Vertaling**  
Prof. HJB Combrink, die projekteier, doen elders afsonderlik verslag oor hierdie vertaling. Die bekendstelling hiervan vind in 2020 plaas.
- **'n Engelse Bybel vir Doves**  
Hierdie projek, met Dr. RP Hough as projekteier, het in 2011 begin. Die projek is voltooi en die Bybel word in Oktober 2019 in Kaapstad bekendgestel.
- **'n isiZulu-Bybel (Nuwe Vertaling)**  
Die vertaalspan nader die einde van die projek en dit word in 2020 bekendgestel.
- **Die !Xun Bybel**  
Hierdie vertalingsprojek van een van ons Santale het verlede jaar begin.
- **SA Gebaretaal Bybel**  
Dit is in vennootskap met die HWW gedoen. Bekendstelling van die eerste stel vind op 1 April 2019 plaas.
- **Toekomstige projekte**  
Khwedam: Beplande aanvang Mei 2019. Hersieningsvertalings van die Tshivenda Bybel (1936), Sepedi Bybel (1951), Sesotho Bybel (1989) en die IsiXhosa Bybel (1996). isiXhosa: DK ondersoek.

### 3.3 BYBELVERSPREIDING – GEDRUKTE BYBELS

- 4 268 707 Bybels is die afgelope vier jaar versprei. Missionale Bybels in die algemeen maak meer as 75% van die verspreiding uit.
- Die Bybelgenootskap het die afgelope vier jaar ongeveer drie miljoen rand per jaar aan missionale projekte spandeer. Hieronder val Bybels aan **gevangenes**, aan baie **arm mense** wat geen Bybel kan bekostig en aan **Graad 7-leerders** in skole in arm gebiede.
- 'n Verskeidenheid van **Bybelseleksies oor spesifieke temas** kan gratis by [www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za) afgelaai word en in gemeentelike bedienings gebruik word.

### 3.4 BYBELVERSPREIDING – DIGITALE BYBELS

Om nie met die ontwikkelings in die digitale arena agter te raak nie stel sekere uitdagings en geleenthede. Oor die afgelope tydperk het die BSA heelwat nuwe Bybels en Bybelgedeeltes in verskeie digitale formate en op verskeie digitale platforms bekendgestel. Die meeste van ons Bybels is gedurende die jaar suksesvol via *Kindle Direct Publishing* in Amazon se e-winkels bekendgestel. Verskeie e-Bybels is geskep wat onder andere kruisverwysings en addisionele navigasie bevat wat dit aansienlik meer lesersvriendelik maak.

Meer as 1.5 miljoen **Selfoonbybels** in al 11 landstale is die afgelope vier jaar gratis by [m.bibles.co.za](http://m.bibles.co.za) of [www.youversion.com](http://www.youversion.com) afgelaai. Ander **digitale formate** sluit in Bybels **aanlyn op Internet** ([www.bybel.co.za](http://www.bybel.co.za) en [www.bibles.co.za](http://www.bibles.co.za)) en **eBybels** vir elektroniese lesers. Bybelgedeeltes word ook gereeld op die Facebook-bladsy, Twitter, asook per e-pos by [vers@versndag.co.za](mailto:vers@versndag.co.za) gedeel en dit blyk in 'n groot behoefte te voorsien. 'n Wye verskeidenheid gratis Bybelhulpmiddels wat interaksie met die Bybel bevorder, is by [www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za) beskikbaar en kan daar afgelaai word. Die Bybelgenootskap het ook nou 'n eie "Bybel app", naamlik "**BibleSa**", waar al die vertalings van die Bybelgenootskap gelees kan word. Daar word stelselmatig in samewerking met ander Bybelgenootskappe Bybelleesprogramme en Bybelstudiemateriaal beskikbaar gestel.

Die Bybelgenootskap het in samewerking met ander Bybelgenootskappe ook meegewerk aan die "Active Resource" Bybel. Met hierdie AR Bybel kan 'n mens d.m.v. 'n selfoon baie agtergrondmateriaal van die Bybel bestudeer. Die kode van die Bybelbladsy word met 'n QR-kode ingeskandeer.

### 3.5 BYBELVERSPREIDING – OUDIOBYBELS

Die **Bybelluisterprogram** (BLP) word wyd gebruik. Dit is gewild onder mense wat nie meer kan lees nie, ongeletterdes en groepe. Die program maak gebruik van enkelstemvoorlesings van die volledige Bybel en is reeds in al 11 amptelike tale beskikbaar.

### 3.6 BYBELGEBASEERDE GELETTERDHEIDSPROGRAM

*My eerste en tweede Bybel Doen- en Leerboek* word gebruik om veral kinders te help om nie net lees- en skryfvaardighede aan te leer nie, maar om hulle ook op hierdie manier die Bybel te leer ken. Die program word beskikbaar gestel aan vrywilligers wat die materiaal in gepaste omgewings implementeer. Die program is in al 11 amptelike tale beskikbaar.

### 3.7 INTERNASIONALE BETROKKENHEID

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is een van die 149 lede van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG) en daarom ook betrokke by die **Bybelgenootskappe** in Swaziland, Lesotho, Botswana en Namibië, asook by Bybelvertaalwerk in Suidelike Afrika. Wêreldwyd versprei Bybelgenootskappe ongeveer 30 miljoen Bybels per jaar. Van ons personeel dien ook op liggame van die WBG en deel kundigheid op baie terreine.

### 3.8 BYBELGENOOTSAP 200 JAAR OUD.

- **Die Bybelgenootskap is 200 jaar oud**  
Die Bybelgenootskap is op 23 Augustus 1820 in Tuynhuys in Kaapstad gestig. Die doel was om aan alle mense in Suid-Afrika bekostigbare Bybels in hul eie taal te verskaf. Al elf Suid-Afrika se amptelike tale het 'n volledige Bybel van die Bybelgenootskap ontvang. In 2020 vier die Bybelgenootskap sy 200 jarige viering. Dit is 'n dankbare jaar waarin ons terugkyk op die Here se genade en voorsienigheid in die vertaling en verspreiding van die Bybel in Suid-Afrika. Die vennote van die Bybelgenootskap word uitgenooi om dit saam in dankbaarheid tot eer van God te vier.
- **Die Jaar van die Bybel: 2020**  
Die meeste van die Christelike kerke in Suid-Afrika het reeds ingestem om 2020 as die Jaar van die Bybel te vier. Dit is om ons dankbaarheid aan die Here te betoon vir sy Woord en om Christene weer aan te moedig om die Bybel te lees. Statistieke toon dat minder as die helfte van Christene in Suid Afrika die Bybel elke dag lees. Met die jaar van die Bybel wil die Bybelgenootskap Christene aanmoedig om die Bybel te lees en oor die werking van die Woord van die Here te getuig.
- **Twee miljoen Bybels in 2020**  
Met die viering van die Bybelgenootskap se eerste 200 jaar in Suid-Afrika wil die Bybelgenootskap twee miljoen Bybels in Suid-Afrika versprei. Ipsos het vir ons aangedui dat daar 'n groot tekort in Suid-Afrika aan Bybels is. Daarmee saam is daar 'n groot behoefte om ongeletterdheid teen te werk. Die Bybelgenootskap gaan dus in 2020 aan twee miljoen Suid-Afrikaners Bybels en geletterdheidsboekies versprei. Christene en gemeentes kan hiermee help. Vir elke R100 word een volledige Bybel en twee geletterdheidsboekies in Suid-Afrika deur ons missionale projekte en in samewerking met kerke en aksiekomitees sowel as andere vennote versprei. Dit behoort 'n groot inpak op Suid-Afrika te hê.

### 3.9 DIE NG KERK SE ROL

Daar bestaan steeds 'n **noue verbintenis en vennootskap** tussen die **NG Kerk en die BSA**. Dit blyk onder andere uit die Reglement van die ATBV, waarvan die Bybelgenootskap lid is, vele Algemene Sinodale besluite van die verlede met betrekking tot die Bybelgenootskap, die finansiële bydraes van gemeentes en lidmate, die betrokkenheid van kundige teoloë en lidmate by die vertaling van die Bybel, soos *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*, asook die Engelse Bybel vir Dowes, inisiatiewe ten opsigte van Bybelverspreidingsprojekte, NG Kerklidmate wat dien op die verskillende streekkomitees, die Algemene Jaarvergadering (ook die twee direkte verteenwoordigers) en die Raad van Direkteure. Op die oomblik is Dr Paul du Plessis die voorsitter van die Raad van Direkteure.

Predikante in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word namens die Algemene Sinode deur die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling, -verklaring en –verspreiding benoem, maar val onder die diensverhoudinge van die Bybelgenootskap. Vyf predikante is tans voltyds in diens van die Bybelgenootskap, waaronder Drs. Quintus Heine, Francois Sieberhagen, Di. Lourens Geldenhuys,

Gerrie van Dyk en Johan Peyper. In die afgelope vier jaar het Dr. Dirk Taljaard, Di. Ben Fourie en Andries Boshof afgetree, en in dié tyd betreur ons ook die afsterwe van Di. Matie van Niekerk en Murray Louw. Vakante poste word nou deelyds deur die volgende predikante gevul: Di. Ben van Dyk, Gawie van Jaarsveld, Anton Oliphant, Ben Fourie, Charl de Kock, Danie Ueckermann en Christo Stümke.

Rev. DT Gevers

Uitvoerende Hoof: Bybelgenootskap van Suid-Afrika

### **3.10 AANBEVELINGS: BYBELVERSPREIDING**

**3.10.1 Die Algemene Sinode spreek sy groot en opregte dank uit teenoor die leraars, gemeentes, lidmate en akademici van die NG Kerk vir hul besondere en volgehoue ondersteuning van die Bybelgenootskap deur gebede, bydraes, Bybelvertaling en die verspreiding van die Bybel.**

**3.10.2 Die Algemene Sinode van die NG Kerk versoek alle gemeentes en lidmate om deur volgehoue gebed en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende programme van die Bybelgenootskap betrokke te wees. Die Sinode moedig gemeentes aan om tydens Pinkster en op Bybelsondag spesiale kollektes vir Bybelverspreiding en Bybelvertaling op te neem.**

**3.10.3 Die Algemene Sinode moedig gemeentes en lidmate aan om die Bybel in die Jaar van die Bybel 2020 gereeld te lees en deel te neem aan die twee miljoen Bybelverspreidingsprojek van die Bybelgenootskap.**

**3.10.4 Die Algemene Sinode benoem die voorsitter en ondervoorsitter van die ATBV as die verteenwoordigers van die NG Kerk op die Algemene Jaarvergadering van die Bybelgenootskap.**

## **4. REGLEMENT ATBV**

### **4.1 OPDRAG**

Die vorige Algemene Sinode het as volg besluit:

Die Algemene Sinode besluit dat die Reglement vir die Algemene Steunspan Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding by punt 3 "Opdrag" aangevul word met 'n punt 3.5, naamlik "Adviseer die Algemene Sinode met die oog op die goedkeuring van Bybelvertalings wat in opdrag van die Algemene Sinode deur die Bybelgenootskap vertaal is".

### **4.2 UITVOERING**

Die nodige wysigings is gedurende die verslagtydperk aan die reglement aangebring en die nuwe reglement dien as deel van die verslag van die ATR.

### **4.3 AANBEVELING: REGLEMENT ATBV**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die gewysigde reglement van die ATBV by die verslag van die ATR dien.**

## **5. ALGEMEEN**

### **5.1 UITVOERING**

#### **5.1.1 Samestelling**

Die ATBV is in 2015 soos volg saamgestel:

##### **5.1.1.1 NG Kerk-Dosenterade**

Deur die NGK-dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite aanbeveel:

OT: Proff. LC Jonker (US), DJ Human (UP), SD Snyman (UV)

NT: Dr. MJ Nel (US), proff. GJ Steyn (UP), DF Tolmie (UV)

##### **5.1.1.2 Bybelgenootskap van Suid-Afrika**

Drr. Q E Heine en DC Taljaard

##### **5.1.1.3 Subtaakspan met die oog op die evaluering van die Direkte Vertaling**

OT: Prof. LJM Claassens; Dr. ACV van Wyk

NT: Drr. GPV du Plooy; C de K du Randt

##### **5.1.1.4 VGKSA**

Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika (VGKSA) benoem op eie koste een Ou- en een Nuwe-Testamentikus uit die VGKSA se huidige of vorige dosentekorps met adviserende stem. Gedurende die verslagtydperk is die vergaderings van die ATBV afwisselend deur Proff. GD Cloete, PJ Els en NA Botha bygewoon.

5.1.1.5 Ander lidkerke van die NG Kerkfamilie kan op eie koste en in adviserende hoedanigheid een Ou- en een Nuwe-Testamentikus benoem. Nie een van hulle het egter van hierdie geleentheid gebruik gemaak nie.

#### **5.1.2 Leiding**

Gedurende die verslagtydperk het die volgende lede die leiding geneem: Proff. DF Tolmie (voorsitter), DJ Human (onder-voorsitter) en Dr. ACV van Wyk (skriba).

### **5.2 AANBEVELINGS: FUNKSIONERING VAN STEUNSPAN (ATBV)**

#### **5.2.1 Personeel**

**Die Algemene Sinode wys die volgende lede aan om vir die volgende termyn op die ATBV te dien:**

**5.2.1.1 Deur NG Kerk-dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite aanbeveel:**

**OT: Proff. LC Jonker (US), DJ Human (UP), Dr. L Sutton (UV)**

**NT: Prof. MJ Nel (US), Dr. H Janse van Rensburg (UP), Prof. DF Tolmie (UV)**

**5.2.1.2 Deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanbeveel:**

**Drs. QE Heine en F Sieberhagen (sekundus: Ds. Gerrie van Dyk)**

#### **5.2.2 Begroting**

**Die Algemene Sinode begroot vir die werksaamhede van die ATBV.**